Top Vibe

ONLINE

SEP 2025

ISSUE 86

KIDS MAGAZINE



Do you have

house rules?

The search is on to crown the NEW Face of the Magazine

INDEX

CONTENT

Top Vibe
ONLINE Kids Magazine

COMMENTS:

Please send us an e-mail to
admin@topvibe.co.za
to share your opinion, ideas and comments.

COPYRIGHT:

Content of Top Vibe Kids Magazine is protected by copyright. NO part of this publication may be reproduced or used in any form whatsoever without prior settelment with the editor.

DISCLAIMER:

The Editors or the publisher cannot be held responsible for damages or consequences of any errors or omissions neither do they stand warranty for the performance of any article, letter and / or advertisement. The views of other writers or articles in this Magazine are not necessarly the views of the Editor.

MEDIA HOUSE:
TOP VIBE MAGAZINE
TOP VIBE KIDS MAGAZINE
GLAMOUR TALK MAGAZINE
50+ MAGAZINE / TYDSKRIF

EDITOR:
Charmaine Britz

CONTACT DETAILS:
Cell: 072 768 8582

E- MAIL:
admin@topvibe.co.za

WEBSITE:
www.topvibe.co.za

1.

OUR ADVERTISERS:

Support our advertisers they support
us!

2.

LEER JOU KIND HOE OM TE DEEL:

Leer jou kind om te deel, of dit 'n broodjie is of speelgoed.

3.

MEDIA HOUSE PROJECTS:

Please support our projects for 2025 . It's so much fun...

4.

FACE OF TOP VIBE KIDS MAGAZINE 2025:

Read about our little Face of Top Vibe Kids Magazine 2025/26



REGULARS

1. EDITORS NOTE 03

Charmaine Britz CEO - MEDIA HOUSE
Top Vibe Magazine / Top Vibe Kids Magazine,
Glamour Talk Magazine and 50+ Magazine/ Tydskrif.

2. AMBASSADORS 04

Top Vibe Kids Ambassadors: Meet our Ambassadors for 2025. It's their second year as ambassadors. Taygan Botha, and Celesté Bam

3. IT'S FUN TIME 08

We at Top Vibe Kids Magazine try to keep you busy with fun things to do. Hope you enjoy!

4. MODEL COVER PAGE 01

Our cover page is a bautiful boy

5. BACK PAGE 20

Back page: Our next Issue is our October Issue



Photographer: Albertus Kriel
Venue: Turn & Tender Vaalmall

REDAKTEURS NOTA

Liewe maats,

Die winter is amper verby, dan is die somer hier en daar word geswem en buite baljaar.

So maak vroeg met die huiswerk kla help mamma gou dan het jy baie tyd vir by die swembadDie jaar is amper verby dan id die Desember vakansie hier.

Onthou om in te skryf vir die gesig van die tydskrif, julle gaan dit geniet.

Maak seker dit is jou gesig wat pronk op die voorblad van die tydskrif.

Hou die spassie dop vir dinge wat ons beplan.

Dit is hier waar ons pret het!

Werk hard en wees soet.

Geniet Oktober maand !

Liefde

Charms

OUR AMBASSADORS

CELESTé BAM



Halloooo liewe lesers,

Kan julle glo? Dis amptelik lente… of so wil ons graag glo! Die winter het darem sy tasse gepak, maar hy loer nog so bietjie oor sy skouer. Die dae raak warmer, die voëltjies sing vroeër, en die bome kry weer kleur – maar daai oggend- en aandbriesie herinner ons nog dat die koue nie sommer so maklik padgee nie.

Ons staan nou aan die begin van die laaste vier maande van die jaar. Dis daardie tyd waar baie van ons besef: “Eina, waarheen het die tyd gevlieg?”

Maar moenie stres nie! Jy het nog genoeg tyd om nuwe planne aan te pak, daai DIY-projek klaar te maak, of dalk net weer bietjie op die spaargeld te fokus. Dis nooit te laat om jou drome ‘n hupstoot te gee nie.

Ek hou duim vas dat September vir julle ‘n maand vol sonskyn, nuwe beginne, blomgeure en vrolike harte sal wees. Laat hierdie lente vir jou ‘n seisoen van groei, liefde en vars energie wees!

Lente groete,
Celesté Bam



Helloooo,

Did you know? October month is Cyber awareness, month.

Also known as cybersecurity awareness, refers to the knowledge and practices individuals possess to protect themselves and their organizations from cyber threats.

It involves understanding online risks, vulnerabilities, and best practices for staying safe online

This includes recognizing phishing attempts, using strong passwords, securing sensitive information, and staying updated on security measures.

Be aware, change your passwords Atleast ever month

Take care Taygan



TAYGAN BOTHA

The search is on to crown the new Face of the magazine



Attention all beautiful little girls the time is now to enter the Face of Top Vibe Kids Magazine.

Don't delay, our lovely Kayleigh van Niekerk is ready to hand over the Title to the new face of the magazine.

It's fun... If you love the limelight this is for you.

Entries are open and our finalist will promote our sponsors on Social media for two month.

Before the crowning wil take place.

After the crowning our new Face will then be a Ambassador for the Top Vibe Kids Magazine.

Where she will take part in our charity projects for 2026.

Mom please enter your beauties!

Thank you Kyleigh you will alway have a special part our our hearts. - Thank you for your hard work during the year.

Mom - Christell Thank you!!!

FACE OF TOP VIBE KIDS &TOP VIBE MAGAZINE 2025



ENTRY'S OPEN
1 JULY 2025

ENTRY'S CLOSE
1 SEPTEMBER 2025

ENTRY FEE R250

How to enter:

Send a WhatsApp to 072 768 852 ask for a entry form.

Send entry form via e mail to admin@topvibe .co.za with proof of payment.

Show up for the interview 13 September.

All other info will be provided via WhatsApp communication.

MEDIA HOUSE 2025 Projects

Our Women's day projects 4 Oct
for more Info call 072 768 8582



FACE OF TOP VIBE KIDS
&TOP VIBE MAGAZINE
2025



ENTRY'S OPEN
1 JULY 2025

ENTRY'S CLOSE
1 SEPTEMBER 2025

ENTRY FEE R250

FACE OF TOP VIBE KIDS
&TOP VIBE MAGAZINE
2025



INTERVIEWS:
13 SEPTEMBER 2025

CROWNING:
8 NOVEMBER 2025

Teach your children to share..



How to teach children to share food, toys etc

Keep dishes very simple for your younger child, so that they can be involved in preparing and sharing food. If your child is still learning to share, your child might think the food is 'theirs' because they made it. You can gently remind your child that they made it to share.

What to do when your 1-year-old takes another child's toy

Understand it doesn't mean your child is 'bad. ' ...

Know when to ignore it. ...

Describe their experience aloud. ...

Watch with your toddler as another child plays. ...

Offer a substitute. ...

Frame it as a learning experience.

Talk to children about 'taking turns' rather than 'sharing'

Children can be taught to take turns on swings or with the toy cars in a garage before they are able to understand the idea of sharing or playing together. Encouraging 'turn taking' will also help them to learn to wait and to manage feelings of frustration.

Why is sharing so hard for toddlers?

To further complicate matters, they don't yet understand that things can belong to other people, too, not just to them! Then, there's the concept of time—toddlers don't yet have one. Therefore, to them, giving anything up means giving it up for good

At what age does a child develop a personal identity?

From birth to around age five, children begin to develop an idea of who they are (their 'sense of self'). In the first year of life, they start to distinguish between 'I' and 'You', realising that others are separate individuals.

Why is it important to teach kids to share?

Children need to learn to share so they can make and keep friends, play cooperatively, take turns, negotiate and cope with disappointment. Sharing teaches children about compromise and fairness. They learn that if we give a little to others, we can get some of what we want too.



Chef Tommy



Kom ons maak roereiers

Benodig:


Pan en mengbak
2 x eiers
Knippie sout
Bietjie melk



Meng goed, gooi in `n pan en hou aan roer tot gaar.

Dit is heerlik op `n snytjie brood en as jy vn tamatiesous hou kan jy dit oor gooi.

Ons bak en brou
Saam met my
maats...



Kleur

My in

Maak dié winter jou kaste leeg en skenk aan ander..

Sal ek dit iewers wegbêre saam met al die ander kosbare goedjies, of sal ek maar iemand daarmee seën?

Die mens is en bly nou eenmaal maar 'n wonderlike komplekse wese. Deel van die komplekse kant van ons bestaan is die geneigdheid om vas te hou aan dit wat was of dit wat ons oor 'n tyd versamel het, of dit nou daardie koerantuitknipsel uit die jaar 1982 is of die begrafnispamflette van toentertyd. Iewers moet dit veilig bewaar word – hetsy iewers in die linnekas, onder die matras of in 'n geheime trommeltjie wat op die mees ondenkbare plek weggesteek word.

Natuurlik stop dit nie daar nie. Gaan loer maar weer deur daai klerekas hier skuins voordat die winter sy kop in alle erns kom uitsteek. Daar is rye op rye klere wat vergete en verlate daar hang en wag vir beter dae, want iemand het iewers van hulle vergeet. Dieselfde iemand verseg egter om afstand te doen van daai nommertjie wat iewers in die jare tagtigs hoogmode was. Die rede daarvoor is so vreemd soos 'n politikus in 'n informele woonbuurt. Daai redes kan wissel van iemand spesiaal wat dit gekoop het tot die verskoning dat dit dalk iewers weer gaan pas . . . sodra daai ekstra vetrolletjies weggewerk is.

Ons praat nie eens van daai stapels dokumente waaraan nie geraak mag word nie, want iewers moet bewyse gehou word as iemand soos 'n skuldeiser dit net wil waag om te kom skoorsoek. Laat my sommer dink aan die keer toe ek ná 'n baie lang tyd by vriende gaan inloer het. Die weersien was natuurlik 'n groot lekkerte, maar ai, daai innooi om ietsie in die sitkamer te gaan geniet, was 'n perd van 'n ander kleur. Met die intrapslag het dit vir my gevoel asof ek myself moes skraler maak om verby al die oortollige items in die huis te beweeg. Daar was kaste, stoele, tafels, portrette, vertoonkaste met borde, pierings – noem maar op – oral in die verskillende vertrekke. Ek wou verstik om net daarna te kyk.

Ek dink dis waar my fobie vir opgaar begin het. Ek het dit my persoonlike motto gemaak om lig deur hierdie lewe te reis. As ek onnodige bagasie het wat dreig om 'n saamrygeleentheid met my te soek, dan sê ek dadelik en beslissend nee. Watter aardse items dit ook al kan wees, verkies ek om net die nodige saam met my op reis te neem.

Natuurlik is daar die paar goed wat vir my ekstra sentimentele waarde inhou, en hierdie goed sal natuurlik altyd welkom wees op my reis deur die lewe. Een hiervan is 'n kiekie-album – ja, een van daai albums wat ons nog voor die ontploffing van sosiale media in elke huishouding gehad het. Hierin kan ek my by tye vir 'n oomblik verlustig aan die vol lewe wat ek as jong lat geniet het en wat my nou nog inspireer om voluit te leef!

Soms strek die eienaardige gewoonte om op te gaar en vas te hou aan iets ook verder as net klere, papiere en ander goeters. Dit sluit ook baie kere die mense (verhoudings) in waaraan ons soos 'n bloedsuiende muskiet vashou. Ons wil maar net nie afsien van dit wat eens was nie en hou daai vriendskap kunsmatig aan die lewe, al sien jy dat alles aangaande die vriendskap toksies van aard is.

Nog 'n keer was jy die nar wat die skare vriende sit en trakteer met jou toertjies en die Dinsdag ná die naweek se makietie is jy maar weer platsak, want jy wou jou titel gestand hou – die lewe van die partytjie.

Gooi uit verryk iemand anders.

Media House groet Celesté - jou plekkie gaan leeg wees..



CELESTé BAM

‘’n Laaste artikel van Celesté.

Dankie vir jou kosbare tyd vir jou mens wees wat diep in ons harte ingekruip het Ons by Media House gaan jou mis en ons harte ie seer.

Maar ons wens jou als wat mooi is in die toekoms.

Om ‘n Mamma te wees is ‘n blessing, en al gaan ons jou baie mis gaan Karlientjie smile...

Liefde groete en pas julle self mooi op.

Redaksie Media House.

---------- ---------- ----------

HEllooоo daar, my liewe lesers!

Dis ek, Celesté—julle Kidz Vibe Magazine-ambassadeur, storieverteller, grapjas, raasbek én soms selfs die een wat die koek bak en dan vergeet om die oond aan te sit!

Maar vandag skryf ek vir julle met ’n knop in my keel en ’n traan wat so nou en dan oor my wang wil wegrol—(of dalk is dit net my mascara wat smelt, wie weet?).

Want ja, hierdie is my laaste boodskappie as ambassadeur vir Top Vibe Kidz Magazine.

My skoene is nou moeg gedans, my pen is amper leeg geskryf en ek hang my ambassadeurhoed op… Of eerder, ek gooi hom sommer oor die rak soos ’n ou skoolbaadjie ná Vrydagmiddag.

Vir die afgelope jaar en ’n half het ek die voorreg gehad om julle stories te deel, bietjie lawwe grappies te maak, julle harte warm te skryf en so nou en dan ’n rympie te gooi wat dalk nie altyd geskop het soos dit moes nie… maar julle het darem saam geglimlag!

Ek wens vir elke leser—groot of klein—net liefde, lag en lig toe. Onthou, die wêreld is soms rof, maar as jy met koekkrummels in jou tande en ’n glimlag op jou gesig deur die lewe stap, wen jy elke keer.

Ek weet Media House en Top Vibe gaan steeds sorg dat julle drome vlieg soos superhelde met turbo-vlerke. Julle is in goeie hande!

Dankie vir die voorreg dat ek vir julle kon skryf, kon lag en soms kon huil (van die lag, gelukkig!).

So tot ons mekaar weer sien—of dalk êrens in die ry by Checkers raakloop—sê ek nie totsiens nie, maar eerder: "Hou goed vas aan wie jy is, en dans wanneer niemand kyk nie!"

Liefdegroet en lawwe groet,
Celesté Bam

P.S.
En onthou hierdie rappie:

"As die lewe jou druk, druk terug met ’n glimlag,
Gooi konfetti in die lug—dis gratis, dis lag!
Kies liefde bo alles, dis hoe jy wen,
En as jy val—staan op, skud af… en probeer weer, my vriend!"





Do you have house rules?

Yes, houses often have rules, though they can be formal or informal. Formal rules are often written down and explicitly stated, while informal rules are based on social norms and expectations. These rules can range from safety guidelines like keeping doors locked, to expectations about cleanliness, or even family-specific rules about chores or bedtime routines.

Examples of House Rules:

Safety: Keeping doors locked, being aware of surroundings, and having emergency plans.

Cleanliness: Maintaining a certain level of cleanliness and tidiness, putting things away after use.

Behavior: Being respectful of others, using kind words, and following instructions.

Family-Specific Rules: Establishing routines, chores, or guidelines for shared spaces.

Family Rules Examples

Treat people and property with respect.

Knock on closed doors before entering.

Pick up after yourself.

Electronics curfew.

Make amends when you hurt someone.

Tell the truth.

Practice good dental and body hygiene.

Attend family meetings.

What are the five rules of home?

In embracing the five golden rules of "Please Listen," "Keep Hands and Feet to Yourself," "Be Kind and Speak Kind Words," "Do as You Have Been Asked First Time," and "Have Fun," parents lay the ground rules.

House rules for kids provide structure, promote positive behavior, and foster a harmonious home environment. Common examples include respecting personal space, using polite language, cleaning up after oneself, and adhering to safety guidelines. These rules help children learn valuable life skills and contribute to a more peaceful and organized household.



MAGAZINE

Media House



NEXT ISSUE - OCT 2025

TO DOWNLOAD GO TO www.topvibe.co.za